

Donderdag 31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 6; Sagaria 1:8-17; 6:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 6:2

Die Here beskik hongersnood en bekommernis voor die einde kom

Die oorwinning van Jesus Christus oor al die magte van die hel en die wêreld kom in nog 'n ander faset van die wêreldgeskiedenis na vore.

Nadat die derde seël oopgemaak is, kom daar 'n swart perd met sy ruiter na vore. Hy is die tweede agterryer. Swart is die kleur van honger en kommer. Dis die kleur van dood en van rou.

Hierdie perd en sy ruiter sit die ellendes wat deur die rooi perd bewerk word, voort. Hierdie perd se ruiter dra 'n skaal wat benoudheid en angs oor die mense uitweeg. Hy weeg rampe uit. En die duidelikste van al die rampe is dat hy prysbeheer toepas wat geweldige en skrikwekkende gevolg het.

Kos word skaars. Nie omdat daar nie kos is nie, maar omdat dit te duur is vir sommiges om te betaal. Die prys is een skeppie koring vir 'n penning. Dis een dag se salaris - net genoeg koring vir een brood. Daar is nie geld vir klere nie, en ook nie vir losies nie, en ook nie eens kos vir meer as een mens nie.

Daarom gaan baie van honger sterf. Jy sal ook drie skeppies gars kan koop vir jou dag se geld. Gars was dierevoer. Die heel armste mense het wel van gars brood gebak - en dan het jy drie skeppies gars nodig vir een so 'n brood. Die nood en hongersnood gaan onberekenbaar wees.

Die skaal van die ruiter op die swart perd meet baie onregverdig, want almal ly nie honger nie. Daar is rykes wat die geldmag van die wêreld sal hanteer. Daarom staan daar geskryf dat die olie en die wyn nie beskadig mag word nie. Die rykes sal in hulle oorfloed lewe. Hierdie skaal weeg twee uiterstes uit - oorfloed en hongersnood. Ons hoor hierdie perd se pote klap deur ons geskiedenis.

Ons maak almal die gevolg van sy ruiter se werk aan ons lywe deur. Ons bekommer niks! Ons volg die Ruiter op die wit perd in sy oorwinning!

Sing: Psalm 27-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)